



Kraggakamma  
**Gemeente**  
*Die is God se freetuin van liefde*

**Kuberkamma**

**28 Julie 2019**

Lukas 5:15b & 16

“...en groot menigtes het saamgedrom om na Hom te luister en van hulle siektes genees te word.  
Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid.”

Vertoon die e-pos nie korrek nie? [Klik hier om die nuusbrieff eerder op die internet te lees.](#)

### **Kortpad**

#### **Belangrike Datums vir die week:**

28 Julie	08h30	Eietydse diens in die saal
28 Julie	09h45	Kategese
28 Julie	10h00	Klassieke diens in die kerkgebou
29 Julie	12h45 – 14h00	Gebedskild in gebedskamer
	17h30	Musiekbediening
	19h00	Gemeentebediening
30 Julie	17h30	Eiendomme
31 Julie	18h00	Selleiersopleiding
02 Aug	05h00	Mannebyeenkoms by Lilylaan 68

[Die kommuniekamma is van Saterdag op die webwerf beskikbaar.](#)

### **Saam op pad vir Christus**

**Preke:** Die [preke van die oggenddienste](#) word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Ons is tans besig met 'n 7 weke reeks, “7 Weke met Ritmes vir die lewe”. Die boekies is by die kerkkantoor beskikbaar teen R20 elk.

#### **Sake vir gebed**

Ons bid vandag spesiaal vir almal wat betrokke is by Biblia Hawesending.

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

#### **There4-Bedieninge: Gebedsversoek vir Christene in Turkye**

Bid saam met Christene in Turkye dat hulle te midde van vervolging hul hoop en vertroue op God sal vestig. [Foto](#)

6 Dames van ons gemeente, besoek in September Egipte, om vroues wat in vervolging lewe te gaan bemoedig en na hulle harte te luister.

Ons benodig tans die volgende items: Bedsokkies, “pocket tissues”, lapsakkies en sagte lekkers vir kinders. Ons wil ook Bybels in die hande plaas van nuwe gelowiges teen R150 per Bybel.

Kontak asb die There4 kantoor vir meer inligting (041 361 1946)

## Algoa Gemeenskapskerk – Bybelprojek

Algoa Gemeenskapskerk wil Bybels uitdeel aan minderbevoorrgetes, gemeente jeug en kinders van Laerskool Piet Retief. Indien daar Bybels in jou huis is wat jy nie gebruik nie, kan dit by die kerkkantoor ingehandig word. Kontant donasies is ook welkom en sal gebruik word om nuwe Bybels aan te koop.

## MTR Smit Kinderoord sê dankie

MTR Smit Kinderoord sê baie dankie vir al die bydraes wat hulle ontvang het. Ons dank die Here saam met hulle vir 'n vol spens!

## Bybellees-Marathon

Meer inligting oor die Bybellees-Marathon in Despatch is op [hierdie skakel](#) bekikbaar. Gaan lees gerus die inligting en raak selfs betrokke by die projek.

## Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- 28 Julie – Savannah Matthee, en Yolandi van der Merwe
- 29 Julie – Cheryl Coetzer, Martin le Roux, Gesin Lotter en Johan Meiring
- 30 Julie – Benita Poovan
- 31 Julie – Monique Pozyn, Corné Stander en Gene Toerien
- 1 Augustus – Deon Loots, Judy Meyer, Willie Moller en Thea Myburgh
- 2 Augustus – Adri de Wit, Juan van Rooyen
- 3 Augustus – Annel Germishuys, Hein Nel



## Padkos

### Die Here se tyd is opspoor-tyd, feesvier-tyd

Twee musikale genieë, Fritz Kreisler en Sergei Rachmaninoff, moes op 'n keer saam in die beroemde Carnegie Hall in New York optree. Halfpad deur Beethoven se 'Kreutzer' Sonata het Kreisler sy plek op die bladmusiek verloor. Toe fluister hy benoud: "Where are we?" Dadelik het Rachmaninoff geantwoord: "In Carnegie Hall." Nou ja of jy nou 'n grootmeester is of nie, almal van ons verloor een of ander tyd ons plek. Soms is ons plek-verloor en ons verdwaaldheid so ernstig dat niemand anders ons kan help nie, net God! Gelukkig ken Hy altyd ons koördinate. Hy weet presies waar ons is wanneer ons die slag "properly" die spoor byster geraak het. Nooit is ons van Sy bladsy af nie. Op geen tydstip is ons buite Sy opvangsgebied nie. Op enige plek kan die Here ons opspoor. Orals en altyd weet God waar ons is. Nooit loop ons so ver die donkerte in dat die goeie Herder se hemelse soeklig nie ons spore kan vind nie. Die Here kan dit nie vat dat ons wegraak of verdwaal nie. Daarom dat Jesus bereid is om elke keer na ons te soek totdat Hy ons kry. Hy ken altyd ons jongste ruitverwysings. Hy het 'n "dropped pin" op ons elkeen se lewe. As ons wegloop en Hy ons raakloop, tel Hy ons dadelik op Sy skouers en dra ons terug na waar ons hoort. Dan vat Hy ons reguit na sy Vader se feessaal toe. Dan is dit feestyd. Nee, nie regsien tyd nie. Ook nie vasvat tyd nie. Feestyd saam met die Here wag op elke verdwaalde wat opgespoor is deur die Heer. Blydskap wen wanneer jy weer tuiskom aan Sy voete.  
[Goeie Nuus deur Stephan Joubert [www.ekerk.org](http://www.ekerk.org)]

## Kuergroete tot volgende keer

[2019-07-28]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.  
[www.getsnapscan.com](http://www.getsnapscan.com)